



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

NOVEMBER 2012

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat jy DRIE vrae kies.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MIV en Vigs is een van die grootste uitdagings vir Suid-Afrika.

- 1.1 Verduidelik die impak van MIV en Vigs op die Suid-Afrikaanse samelewing. (10)
 - 1.2 Met verwysing na die leringe van enige TWEE godsdienste, bespreek die oplossings vir hierdie probleem wat elkeen bied. (20)
 - 1.3 Bespreek praktiese strategieë wat godsdienstige organisasies kan gebruik om MIV en Vigs te bestry. (10)
 - 1.4 Dink jy dat godsdienstige organisasies tans in die stryd teen MIV en Vigs slaag? Gee redes vir jou antwoord. (10)
- [50]**

VRAAG 2

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Daar was 'n tyd toe godsdienste al die antwoorde op die belangrike vrae oor die lewe gehad het. Maar die wetenskap het ook begin om hulle te beantwoord.

[Aangepas uit *Religion Studies*, Steyn et al. bl. 241]

Na aanleiding van die uittreksel hierbo, kies EEN godsdienste en vergelyk die volgende:

- 2.1 Die godsdienste se leringe oor die aard van die mens en die wêreld, met dié van Darwin se evolusieleer (30)
 - 2.2 Die godsdienste se leringe oor goddelikheid en die skepping van die heelal, met die oerknalteorie. (20)
- [50]**

VRAAG 3

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die transformasie van ons land vereis die grootste moontlike samewerking tussen godsdienste en politieke liggame wat krities en met wysheid ons mense saam dien. Nie politieke óf godsdienstige doelwitte kan in isolasie behaal word nie.

[Nelson Mandela (1997)]

- | | | | |
|-----|--|--|---------------------|
| 3.1 | 3.1.1 | Vergelyk die intergodsdienstige verhoudings in Suid-Afrika tydens apartheid (tot 1994) met die post-apartheidsera (1995 tot vandag). | (24) |
| | 3.1.2 | Watter EEN van die twee eras hierbo sou jy verkies en hoekom? | (6) |
| 3.2 | Organisasies soos die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede ('WCRP') poog om harmonie tussen godsdienste van die wêreld te skep. | | |
| | Gee 'n kort oorsig oor hul geskiedenis, en bespreek die werk wat hierdie organisasies buite die Afrika-kontinent gedoen het. | | (20)
[50] |

VRAAG 4

- | | | | |
|-----|--|--|---------------------|
| 4.1 | Verduidelik die hermeneutiese beginsels van die interpretasie van normatiewe bronne in enige EEN godsdienst. | | (10) |
| 4.2 | Bespreek goddelike inspirasie, insluitend die verskillende rolle daarvan, in die volgende: | | |
| | 4.2.1 | ATG (Afrika Tradisionele Godsdienst) | (10) |
| | 4.2.2 | Enige EEN Midde-Oosterse godsdienst (Judaïsme, Christendom, Islam) | (10) |
| 4.3 | Bespreek die sentrale leringe van enige EEN godsdienst onder die volgende opskrifte: | | |
| | 4.3.1 | Die aard van die bose | (10) |
| | 4.3.2 | Lewe na die dood | (10)
[50] |

TOTAAL: 150